



**DEPARTEMENT VAN BOSBOU, VISSERYE EN DIE OMGEWING**

**KONSEP- ALGEMENE BELEID OOR DIE TOEWYSING VAN KOMMERSIËLE VISVANGREGTE IN DIE  
SUIDKUS-KREEFVISSERY: 2021**

**DIE KONSEPBELEID MOET SAAM MET DIE KONSEP- ALGEMENE BELEID OOR DIE TOEWYSING VAN  
KOMMERSIËLE VISVANGREGTE: 2021 EN DIE KONSEPBELEID OOR DIE OORDRAG VAN  
KOMMERSIËLE VISVANGREGTE: 2021 GELEES WORD**

**(Beskikbaar by [www.environment.gov.za](http://www.environment.gov.za))**

**(In case of any inconsistency, the English text of the Gazetted Draft Policy will prevail).**

## INHOUDSOPGAWE

DEEL A: INLEIDING .....	3
1. Inleiding	3
2. Profiel van die vissery .....	3
3. Vorige toewysingsproses vir langtermyn-visvangregte.....	5
4. Doelwitte	6
DEEL B: TOEWYSINGSPROSES VIR KOMMERSIËLE VISVANGREGTE .....	7
5. Toestaan van visvangregte.....	7
<b>5.1. Formaat van regtehouers .....</b>	<b>7</b>
<b>5.2. Duur van regte</b>	<b>7</b>
<b>5.3. Multisektorbetrokkenheid.....</b>	<b>7</b>
<b>5.4. Oordrag van regte wat ingevolge hierdie beleid toegewys is.....</b>	<b>7</b>
6. Getal vaartuie .....	8
7. Nuwe toetreders .....	8
8. Omvangskriteria .....	8
9. Evalueringskriteria.....	9
<b>9.1. Uitsluitingskriteria .....</b>	<b>9</b>
<b>(a) Nakoming .....</b>	<b>9</b>
<b>(b) Papierkwotas .....</b>	<b>10</b>
<b>(c) Fronting .....</b>	<b>10</b>
<b>(d) Betaling van heffings .....</b>	<b>10</b>
<b>9.2. Vergelykende balanseringskriteria .....</b>	<b>10</b>
<b>(a) Visvangprestasie (van toepassing op kategorie A-aanzoekers).....</b>	<b>10</b>
<b>(b) Visvangervaring en kennis (op kategorie B- en C-aanzoekers van toepassing).....</b>	<b>10</b>
<b>(c) Geskikte vaartuie (van toepassing op kategorie A-, B- en C-aanzoekers).....</b>	<b>11</b>
<b>(d) Nakoming (van toepassing op kategorie A- en B-aanzoekers) .....</b>	<b>11</b>
<b>(e) Belegging in die vissery (van toepassing op kategorie A-, B- en C-aanzoekers) .....</b>	<b>11</b>
<b>(f) Transformasie (van toepassing op kategorie A-, B- en C-aanzoekers).....</b>	<b>12</b>
<b>(g) Werkskepping en diensvoorwaardes (van toepassing op kategorie A-, B- en C-aanzoekers) .....</b>	<b>13</b>
DEEL C: BESTUURSMATREËLS.....	13
10. Ekostelselbenadering tot visserye .....	13
11. Waarnemerprogram.....	13
12. Omvang van teruggetrekte regte.....	14
13. Oordrag van kommersiële visvangregte en/of aandele en/of ledebelang .....	14
14. Permitvoorwaardes .....	14
15. Monitering en evaluering van die beleid .....	14
16. Oortredings .....	15

## **DEEL A: INLEIDING**

### **1. Inleiding**

Hierdie konsepbeleid oor die toewysing en bestuur van visvangregte in die Suidkus-kreefvisserie (“die SKK-visserie”) word deur die Minister van Bosbou, Visserie en die Omgewing (“die Minister”) uitgereik en word die “2021: Suidkus-kreefvisseriebeleid” genoem. Die 2021: Suidkus-kreefvisseriebeleid moet saam met die 2021 Algemene Beleid oor die Toewysing van Visvangregte (“2021: Algemene Beleid”) gelees word.

Die Minister het ingevolge artikel 79 van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne 18 van 1998 (“die MLRA”) die artikel 18-magte om kommersiële visvangregte toe te staan ingevolge artikel 79 van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne 18 van 1998 (die “MLRA”) aan ’n senior amptenaar van die Departement van Bosbou, Visserie en die Omgewing (“die Departement”) gedelegeer.

Die 2021: Suidkus-kreefvisseriebeleid sit die doelwitte, kriteria en oorwegings uiteen wat die evaluering en toewysing van visvangregte in die Suidkus-kreefvisserie sal lei. Hierdie beleid sal die Gedelegeerde Owerheid met die neem van besluite oor aansoeke in hierdie visserie lei.

### **2. Profiel van die visserie**


#### **2.1. Beskrywing van die visserie**

Die SKK-visserie is ’n diepwater-langlynfuikvisserie wat in 1974 begin het. Op daardie tydstip het Suid-Afrikaanse sowel as buitelandse vaartuie die diepwaterhulpbron ontgin. In 1976 het Suid-Afrika egter sy eksklusiewe ekonomiese sone van 200 myl verklaar en effektief ’n einde aan buitelandse deelname aan die SKK-visserie gemaak. ’n Totaal van 26 Suid-Afrikaanse vaartuie het in die visserie oorgebly. Hierdie getal het in 1981 tot 15 gedaal nadat jare van onvolhoubare en ongereguleerde visvang tot die ineenstorting van die hulpbron gelei het. In 1975 is 2 092 ton Suidkus-kreef geoes, en teen 1981 het dit tot slegs 176 ton gedaal.

Die SKK-visserie is in 1984 die eerste keer deur ’n totale toelaatbare vangs (“TTV”) gereguleer. Die TTV is op 450 ton (stertmassa) vasgestel. Tien jaar later het navorsing aangedui dat die hulpbron steeds agteruitgaan. Die bestuurstrategie vir hierdie visserie is in 2000 fundamenteel verander. ’n Gekombineerde TTV en strategie vir totale ontplooibare poging (“TOP”) is ingestel, wat die getal dae beperk het wat ’n SKK-vaartuig ter see mag bly. Die perk van “see-dae” is bereken op grond van die gedeelte van die TTV wat deur ’n spesifieke vaartuig gevang word, met inagneming van daardie vaartuig se visvangkapasiteit.

Die Departement se bestuursplan vir die SKK-vissery het vrugte afgewerp. Die SKK se TTV het van 340 ton (en 1 922 see-dae) in die 2001/2002-visvangseisoen tot 382 ton (en 2 089 see-dae) in 2007/2008 toegeneem, en het sedertdien met hoogstens 5% tussen jare gewissel, van 317 ton tot 363 ton. Die besluit oor vangslimiete is gelei deur die bedryfsbestuursprosedure (“BBP”), wat die eerste keer in 2008 ingestel is. ’n Aantal BBP’s is sedertdien ontwikkel en hersien, met die volgende hersiening wat vir 2022 geskeduleer is. Die doelwitte van die laaste BBP, BBP-2019, was om die interjaarlikse-TTV-verandering tot 5% te beperk, kuitskietbiomassa van hierdie hulpbron met 30% te verhoog oor ’n tydperk van 20 jaar (2006 tot 2025) en nie die TTV vir die 2019/2020- en 2020/2021-seisoen onder 321 ton te laat daal nie. Die visvangseisoen vir die SKK-visserysektor regdeur die jaar is vanaf 1 Oktober tot 30 September, met die TTV wat jaarliks deur die Gedelegeerde Owerheid bepaal word.

### SKK-TTV oor die afgelope 15 jaar



Vaartuie is toegerus met ’n aanboordverwerkingsfabriek, verpakkings- en vriesgeriewe of spesiaal-ontwerpte hougeriewe vir lewendige vis. Kreefsterte en heel bevrore krewes word ter see gevries, en wanneer dit in die hawens van Kaapstad en Port Elizabeth ontskeep word, word dit gegradeer en by landgebaseerde geriewe herverpak. Aangesien die meeste verwerking ter see gedoen word, is die landgebaseerde infrastruktuur beperk. Lewendige krewes word aan geriewe met tenks vir lewendige krewes gelewer. Feitlik die hele vangs word uitgevoer, hoofsaaklik na die VSA vir die bevrore produk en na Italië, Frankryk en Taiwan vir die lewendige produk.

Vaartuie word vir langlyn-fuikvangste ingerig. Vaatjievormige plastiekfuike word vir periodes vanaf 24 uur tot ’n paar dae gestel. Elke vaartuig trek en stel weer tipies ongeveer 2 000 tot 6 000 fuike per dag in stalle van 100 tot 200 fuike op. Langlyn-fuikvangste is ’n arbeidsintensiewe visvangmetode. Bemanning bestaan uit tot 35 persone. Die vaartuie in die SKK-vissery is groot, oopseevaartuie tussen 30 en 60 meter lank. Hulle vang 180 tot 300 dae per jaar vis. Gedurende die laaste regteperiode, vanaf 2005 tot

2020, was daar 10 vaartuie in die vroeër seisoene wat aktief visgevang het, en namate die TTV afgeneem het, het die getal vaartuie op 7 of 8 vaartuie per seisoen gestabiliseer. Hierdie 78 vaartuie het gemiddeld 38 ton (stertmassa) elk per seisoen gevang.

Die SKK-vissery is kapitaalintensief, benodig groot vaartuie, 'n aansienlike getal bemanningslede, toegang tot buitelandse markte en fondse vir bokoste soos brandstof, vaartuiginstandhouding en salarisse.

## 2.2. Biologie en hulpbrondinamika

Suidkus-kreef (*Palinurus gilchristi*) is endemies aan die kontinentale plat van suidelike Suid-Afrika en kom voor op rotsagtige substrata op dieptes van 50 tot 200 meter wat beperk word tot die gebied tussen Kaap Agulhas in die suidweste en Oos-Londen in die noordooste. Die spesie word op twee plekke in kommersiële hoeveelhede aangetref: in die oop see op die Agulhasbank in 'n gebied ongeveer 200 kilometer van die kus, en nader aan die kus (2 tot 50 kilometer van die kus) tussen Mosselbaai en Oos-Londen. Die tradisionele visvanggebiede word in drie areas verdeel, naamlik die Agulhasbank, Port Elizabeth en Port Alfred. Die Port Alfred-area het 'n smal kontinentale plat, wat in Port Elizabeth en St Francis breër word en op die Agulhasbank op sy breedste is. Suidkus-kreef is 'n kouewaterspesie wat stadig groei en lank leef. Die kusgebied tussen Danger Point en Kaap Agulhas is 'n belangrike vestigingsgebied vir jong krewes, wat na volwasse habitats op die Agulhasbank en in die kusgebied tussen Mosselbaai en Port Elizabeth migreer. Kreef wat tussen Port Alfred en Oos-Londen voorkom, is gewoonlik kleiner, groei stadiger en migreer nie. Die *slipper lobster* (*Scyllarides elisabethae*), seekat (*Octopus magnificus*), panga, slymprik en koningklip word as byvangs in die SKK-vissery beskou.

## 3. Vorige toewysingsproses vir langtermyn-visvangregte

In 2005 is visvangregte vir 'n termyn van 15 jaar aan 17 visvangmaatskappye (met 'n totaal van sewe vaartuie) toegewys.

Die transformasieprofiel vir die sektor in 2005/2006 was:

- (a) Meer as 60% van die regtehouers in die vissery het 'n swart aandeelhouding van meer as 50% gehad;
- (b) Die persentasie van die TTV en die TOP wat deur swartes gehou is, was 72,22% en 72,18% onderskeidelik; en
- (c) Die persentasie van aandeelhouding/ledebelang wat deur vroue gehou is, was 18,42%.

Oor die duur van die 15-jaarreg het visvangmaatskappye hulle regte gekonsolideer en met die beëindiging van die reg in 2020 het slegs sewe van die 17 maatskappye oorgebly.

Met die beëindiging van die langtermyn-visvangregte in 2020 het die sewe regtehouers gemiddeld tussen 94% en 100% van hulle TTV-toewysings elke seisoen gevang. Vier van die sewe regtehouers het 'n TTV van < 40 ton gehad, en vier regte (die maatskappy met die hoogste TTV en die drie maatskappye met die laagste TTV) het regte in ander sektore gehad. Die twee maatskappye met die hoogste TTV het 100%-eienaarskap van vier vaartuie gehad, terwyl die oorblywende regtehouers waarskynlik gedeeltelike eienaarskap gehad het van die vier vaartuie wat mees onlangs gebruik is.

Vorige regtehouer	Onlangse TTV (kg stertmassa)	% TTV	Gemiddelde % TTV per seisoen gevang	Getal vaartuie met 100%-eienaarskap	Getal regte in ander sektore
Regtehouer 1	135 198	40.3	92	3	4 aktief, 4 verval
Regtehouer 2	83 842	25.0	100	1	0
Regtehouer 3	59 513	17.8	97		0
Regtehouer 4	23 508	7.0	98		0
Regtehouer 5	13 958	4.2	100		1 aktief, 1 verval
Regtehouer 6	11 379	3.4	94		1 aktief, 2 verval
Regtehouer 7	7 667	2.3	98		1 verval

#### 4. Doelwitte

4.1 Die doelwitte van die toewysing van visvangregte in die SKK-vissery is:

- a) Bereik optimale benutting en ekologies volhoubare ontwikkeling van lewende mariene hulpbronne;
- b) Die behoefte om lewende mariene hulpbronne vir die huidige en toekomstige geslagte te bewaar;
- c) Die behoefte om voorsorg te tref met benaderings ten opsigte van die bestuur van ontwikkeling van lewende mariene hulpbronne;
- d) Ondersteuning van die stabiliteit en lewensvatbaarheid van die vissery;
- e) Die toewysing van visvangregte aan aansoekers wat op SKK as hulle hoofbron van inkomste staatmaak;
- f) Bevorder transformasie, brei betekenisvolle deelname (verhoog deelname, skep waarde en skakeling) en groei uit;
- g) Verbeter die gehalte van werk deur die bevordering van permanente indiensneming en toewysing van regte aan KMMO's wat deur histories-benadeelde persone besit word;
- h) Bevorder voldoening aan billike arbeidspraktyke;
- i) Bevorder voedselsekerheid en armoedeverligting;
- j) Bevorder jongmense en vroue se eienaarskap en ontwikkeling.

## **DEEL B: TOEWYSINGSPROSES VIR KOMMERSIËLE VISVANGREGTE**

### **5. Toestaan van visvangregte**

Visvangregte word ingevolge artikel 18 van die MLRA toegestaan. Alle regte wat toegestaan word, is geldig vanaf die datum van toewysing vir 'n tydperk van hoogstens 15 jaar, waarna die reg outomaties beëindig sal word en na die staat sal terugval.

#### **5.1. Formaat van regtehouers**

5.1.1. Slegs aansoeke van maatskappye in Suid-Afrikaanse besit, beslote korporasies en koöperasies wat slegs uit Suid-Afrikaanse regspersone bestaan, sal oorweeg word. Aansoeke van individue sal nie oorweeg word nie.

5.1.2. Daardie aansoekers wat voorheen regte in die SKK-vissery gehou het en wat weer aansoek doen om regte om kommersiële visvangs in die SKK-vissery te onderneem, sal as kategorie A-aansoekers oorweeg word. Aansoekers wat in die tydperk 2005 tot 2020 regte gehou het in ander visvangsektore as die SKK-vissery, sal as kategorie B-aansoekers beskou word. Aansoekers wat nooit vantevore kommersiële visvangregte in enige kommersiële visserysektor van Suid-Afrika gehou het nie, sal as kategorie C-aansoekers beskou word.

#### **5.2. Duur van regte**

Visvangregte in die SKK-vissery sal vir 'n tydperk van hoogstens 15 jaar toegestaan word. Die duur van regte sal deur die Gedelegeerde Owerheid bepaal word, met inagneming van onder andere die vlak van transformasie in die vissery, die kapitaalintensiteit van die vissery, die behoefte om verdere belegging en ekonomiese groei aan te moedig, die huidige kennis van die biologiese status van die teikenspesies en die prestasie van deelnemers aan die vissery.

#### **5.3. Multisektorbetrokkenheid**

Aansoekers in die SKK-vissery (insluitend hulle beherende aandeelhouers en lede van hulle uitvoerende bestuurspan) sal nie uitgesluit word van kommersiële visvangregte in ander visvangsektore nie.

#### **5.4. Oordrag van regte wat ingevolge hierdie beleid toegewys is**

Ingevolge artikel 21 van die MLRA kan die Minister die oordrag van visvangregte as geheel of gedeeltelik goedkeur. Regte wat ingevolge die MLRA in die vissery toegestaan word, mag egter nie oorgedra word

binne die eerste vyf jaar nadat dit toegestaan is nie.

## **6. Getal vaartuie**

Daar is tans agt SKK-visvangvaartuie wat in Suid-Afrikaanse water bedrywig is wat die huidige 2020/2021-TTV van 337 ton oes.

Aangesien sommige suksesvolle aansoekers nie die vaartuie wat hulle beoog om te gebruik, ten volle sal besit nie, en aangesien vaartuie vervang sal moet word, erken die Departement dat talle suksesvolle aansoekers sal probeer om verdere of nuwe vaartuie in te bring nadat die langtermyn-visvangregte toegewys is en namate die SKK-hulpbron herstel en die TTV toeneem. Die Departement sal die kumulatiewe uitwerking van die inbring van verdere en nuwe vaartuie in die vloot versigtig evalueer. Suksesvolle aansoekers sal nie toegelaat word om vaartuie in te bring wat poging sal gebruik wat hulle toewysings oorskry nie.

## **7. Nuwe toetreders**

Aangesien SKK 'n kapitaalintensiewe vissery is, moes kategorie A-aansoekers die afgelope 15 jaar groot beleggings in die vissery se infrastruktuur (byvoorbeeld in vaartuie, verwerkingsgeriewe) en bemerking maak om ekonomies lewensvatbare entiteite te vestig. Die kategorie A-aansoekers het hulle TTV ten volle benut, en gemiddeld meer as 90% van hulle TTV-toewysings elke seisoen gevang. Hoewel regte in die vorige regteperiode gekonsolideer is, het bestuursmaatreëls vir die verspreiding van TTV onveranderd gebly en daar is nie voorkeur gegee aan diegene met kleiner toewysings om te help om geleentede vir meer betekenisvolle deelname aan die vissery te verskaf nie.

Terwyl die dinamika van die sektor wat ingevolge die vorige langtermynregte ten opsigte van belegging, prestasie, ekonomiese stabiliteit en sakegroei gevestig is, in gedagte gehou word, sal die Departement die insluiting van nuwe toetreders oorweeg om aan afdeling 2, Doelwitte en Beginsels, asook artikel 18(5) van die MLRA van die Departement te voldoen.

## **8. Omvangskriteria**

In hierdie vissery sal die meganisme vir die toewysing van omvang bestaan uit 'n gekombineerde ontleding van:



- die vorige TTV wat deur die kategorie A-aansoekers gehou is;
- die mate van benutting van die TTV deur kategorie A-aansoekers;
- die herverdeling van TTV onder kategorie A-aansoekers om die toewysings van kategorie A-aansoekers te verbeter wat 'n histories kleiner omvang gehou het om meer betekenisvolle deelname aan die vissery te ondersteun;
- die toewysing van TTV aan kategorie B- en C-aansoekers wat ooreenstem met toewysings wat in die vorige langtermynregte deur kategorie A-aansoekers gehou is; en
- die mate waartoe die aansoeker die Departement se doelwitte bereik het.

Indien die hulpbron herstel, kan die TTV gedurende die regteperiode verhoog word. In hierdie geval sal die Departement ten opsigte van die toewysing van bykomende omvang 'n glyskaalbenadering gebruik wat voorkeur aan regtehouers met kleiner toewysings gee.

Omvangtoewysings sal voorlopig wees totdat die appèlproses oor die toewysing van regte in hierdie vissery gefinaliseer is. Aanpassings wat aan omvangtoewysings gemaak word wanneer appèlle afgehandel is, sal in die komende seisoen toegepas word.

## **9. Evalueringskriteria**

Aansoeke sal ingevolge 'n stel "uitsluitingskriteria" gesif word. Tellings sal daarna ingevolge 'n stel geweegde "vergelykende balanseringskriteria" afsonderlik aan alle aansoekers toegeken word. 'n Afsnypunt sal dan bepaal word om die suksesvolle aansoekers te kies en poging sal aan elke suksesvolle aansoeker toegewys word.

### **9.1. Uitsluitingskriteria**

Benewens die uitsluitingskriteria wat in die 2021: Algemene Beleid ten opsigte van die indien van aansoeke, wesenlike defekte en vereistes (artikel 6) vervat word, sal die Gedelegeerde Owerheid aansoekers uitsluit wat versuim om aan die volgende vereistes te voldoen:

#### **(a) Nakoming**

'n Aansoeker sal uitgesluit word indien hy, 'n beherende aandeelhouer, 'n lid met 'n beherende belang of 'n direkteur aan 'n oortreding van die MLRA, die regulasies wat ingevolge daarvan uitgevaardig is en die permitvoorwaardes skuldig bevind is (sonder die opsie om 'n boete te betaal).

'n Aansoeker sal uitgesluit word indien enige visvangreg van hom, 'n beherende aandeelhouer, 'n lid met 'n beherende belang of 'n direkteur ingevolge die MLRA gekanselleer of herroep is.

**(b) Papierkwotas**

Aansoeke van papierkwota-aansoekers soos in die 2021: Algemene Beleid omskryf word, sal uitgesluit word.

**(c) Fronting**

Aansoekers wat betrek word by fronting soos in die 2021: Algemene Beleid omskryf word, sal uitgesluit word.

**(d) Betaling van heffings**

Aansoekers moet voldoen aan die vereistes oor die betaling van heffings soos in die 2021: Algemene Beleid uiteengesit word.

**9.2. Vergelykende balanseringskriteria**

Aansoekers sal aan die hand van die volgende balanseringskriteria geëvalueer word. 'n Gewig sal daaraan toegeken word om elke aansoek te evalueer en assessee:

**(a) Visvangprestasie (van toepassing op kategorie A-aansoekers)**

1. Die visvangprestasie van aansoekers wat sedert 2005 tot 2020 visvangregte in die SKK-vissery gehou het, sal ondersoek word om te bepaal of hulle hulle visvangregte doeltreffend benut het.
2. Die getal visvangseisoene wat aktief aan visvang bestee word, patrone van aktiewe visvangs oor opeenvolgende seisoene en die intensiteit van visvang (byvoorbeeld persentasie TTV gevang, oorvangs) sal in ag geneem word wanneer 'n telling vir hierdie kriterium toegeken word.

**(b) Visvangervaring en kennis (op kategorie B- en C-aansoekers van toepassing)**

1. Die aansoeker se betrokkenheid by ander visvangsektore en verwante aktiwiteite (vangs, verwerking, bemarking), en
2. Die aansoeker se betrokkenheid by die SKK-vissery met visvangverwante aktiwiteite (vangs, verwerking, bemarking en bestuur van finansies deur die maatskappy en aandeelhouders).

**(c) Geskikte vaartuie (van toepassing op kategorie A-, B- en C-aanzoekers)**

1. 'n Aansoeker sal die reg van toegang tot 'n vaartuig wat geskik is vir die oes van SKK moet kan demonstreer. Toegang kan wees in die vorm van eienaarskap, gedeeltelike eienaarskap, vangsooreenkoms, huurooreenkoms, of die koop van 'n vaartuig of die bou van 'n nuwe vaartuig. Indien 'n aansoeker beoog om 'n vaartuig te koop, moet 'n koopsooreenkoms en bankwaarborg verskaf word. In die geval van 'n nuut geboude vaartuig moet die planne en kosteberekening van die vaartuigboumaatskappy en bewys van betaling of gedeeltelike betaling verskaf word. Dit is nie die bedoeling om die getal vaartuie tydens die toewysingsproses te verhoog nie, maar die Minister kan die beleidsdoelwitte in ag neem wanneer daar besluit word oor die getal vaartuie wat geakkommodeer moet word.
2. 'n Geskikte vaartuig in die SKK-visserij is 'n vaartuig wat:
  - a. 'n minimum SAMSA-geregistreerde lengte van ongeveer 25 meter het;
  - b. 'n funksionerende vaartuigmoniteringstelsel het;
  - c. in staat is om lyne van ongeveer een myl lank en 100 fuisse te ontplooi;
  - d. in staat is om ten minste 1 000 fuisse te stoor;
  - e. in staat is om die nodige hystoestelle te dra; en
  - f. in staat is om ongeveer 30 of meer bemanningslede te dra.

Ten einde te bevestig of die vaartuig aan die kriteria vir 'n geskikte vaartuig voldoen, moet aansoekers foto's van die vaartuig asook afskrifte van die SAMSA-registrasiesertifikaat indien.

**(d) Nakoming (van toepassing op kategorie A- en B-aanzoekers)**

Geringe en substantiewe oortredings tussen 2005 en 2020, insluitend dié ten opsigte waarvan 'n skulderkenningsboete betaal is of die aansoeker 'n pleitooreenkoms aangegaan het, kan in ag geneem word as 'n balanseringskriterium en kan ook 'n aansoek negatief beïnvloed.

**(e) Belegging in die visserij (van toepassing op kategorie A-, B- en C-aanzoekers)**

Die Gedelegeerde Owerheid moet die volgende oorweeg:

1. Vir kategorie A-aanzoekers, die beleggings in geskikte vaartuie en ander vaste bates soos verwerkings- en bemarkingsinfrastruktuur in die SKK-visserijsektor (en in ander sektore indien van

toepassing, maar dit sal 'n kleiner gewig ontvang) in die afgelope 15 jaar. Belegging in die vorm van aandeelhouing sal ook in ag geneem word.

2. Vir kategorie B-aansoekers sal die beleggings gemaak in ander sektore in die vorm van vaartuie, vaste bates, verwerkings- en bemarkingsinfrastruktuur, maar 'n duidelike demonstrasie van hulle verbintenis (en vermoë) om in hierdie sektor te belê (met ander woorde toegang tot vaartuig), vereis word.
3. Alle kategorie C-aansoekers moet demonstreer dat hulle die kennis, vaardigheid en kapasiteit het om SKK te vang en te verwerk. Beleggings in geskikte vaartuie en ander vaste bates soos verwerkings- en bemarkingsinfrastruktuur in die SKK-visserysektor sal in ag geneem word.

**(f) Transformasie (van toepassing op kategorie A-, B- en C-aansoekers)**

Wanneer aansoek geëvalueer en 'n telling toegeken word, kan die Gedeleegde Owerheid op grond van transformasiekriteria voorkeur aan aansoekers gee. Wanneer 'n telling vir transformasiekriteria toegeken word, kan die Gedeleegde Owerheid die volgende in ag neem: sensusstatistiek of ander inligting wat deur Statistieke SA oor die samestelling van die bevolking van Suid-Afrika verskaf word, en die persentasie van daardie bevolking wat uit verskillende demografiese groepe bestaan; die behoefte om die erkenning van en histories-benadeelde persone (HBP's) se betekenisvolle deelname aan die visvangbedryf te verseker en die kodes van goeie praktyk ingevolge die Wysigingswet op Breë Swart Ekonomiese Bemagtiging.

Afhangend van 'n aansoeker se aansoekvorm sal 'n geweepte telling aan aansoekers toegeken word op grond van

die volgende transformasiekriteria:

1. Die persentasie persone uit aangewese groepe en HBP's verteenwoordig op 'n topsalaris-, direksie-, lede- en senioramptenaar- en bestuursvlak;
2. Die mate waartoe 'n aansoeker se eienaarskap- en bestuurstransformasie-inligting van mense uit aangewese groepe en HBP's (soos gemeet in die 2013-regtetoewysingsproses) in die tydperk ná die toestaan van regte in die 2013-regtetoewysingsproses verbeter, dieselfde gebly of verswak het;
3. Of werknemers (buiten die verdieners van topsalarisse) by 'n aandelekema vir werknemers baat;
4. Nakoming van die Wet op Gelyke Indiensneming 55 van 1998 en die verteenwoordiging van aangewese groepe en HBP's op die verskillende vlakke van indiensneming laer as die vlak van senior amptenaar en bestuur;
5. Regstellende verkryging;

6. Nakoming van wetgewing oor vaardigheidsontwikkeling en die bedrae wat aan opleidings- en leerlingskapprogramme vir aangewese groepe en HBP's bestee word; en
7. Korporatiewe maatskaplike belegging.

**(g) Werkskepping en diensvoorwaardes (van toepassing op kategorie A-, B- en C-aansoekers)**

Die Gedelegeerde Owerheid kan voorkeur gee aan enige aansoeker wat hom daartoe verbind om bestaande werksgeleenthede te behou of werksgeleenthede te vermeerder as daar 'n reg in die SKK-vissery aan hom toegewys word. Vir hierdie doeleindes sal die Gedelegeerde Owerheid die gehalte in ag neem van die werksgeleenthede wat geskep sal word, insluitend nakoming van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (No. 75 van 1997) ("BCEA"), en die aansoeker se verbintenis om aan hulle werknemers die volgende te verskaf:

1. Permanente indiensneming;
2. Mediese fonds of enige soort mediese ondersteuning;
3. Pensioen- en voorsorgfonds;
4. Veilige werksomstandighede in ooreenstemming met die toepaslike wetsvereistes; en
5. 'n Aandeleskema vir werknemers wat verseker dat werknemers 'n doeltreffende aandeelhouding in die regtehouer geniet.

## **DEEL C: BESTUURSMATREËLS**

### **10. Ekostelselbenadering tot visserye**

Hierdie vissery sal in ooreenstemming met die ekostelselbenadering tot visserye ("EBV") bestuur word. Die ekostelselbestuursbenadering tot visserye is 'n holistiese benadering wat die gesondheid van 'n ekostelsel in stand hou of verbeter en die uiteenlopende samelewingsbehoefte en -waarde balanseer. Hierdie benadering omskryf ook die ekostelsel in sy breedste betekenis en sluit ekologiese, maatskaplike, ekonomiese en beheerstelsels in.

### **11. Waarnemerprogram**

- a. Die regtehouer van 'n SKK-visvangreg moet 'n waarnemer aan boord van die regtehouer se genomineerde vaartuig akkommodeer wanneer die Departement of sy agent dit vereis.

- b. Die regtehouer moet die koste van die waarnemerontplooiing dra wanneer dit deur die Departement vereis word.
- c. Die regtehouer moet aan die waarnemer onbeperkte toegang gee om die visvangaktiwiteit te monitor en nakoming van permitvoorwaardes en alle toepaslike wetgewing te toets.
- d. Indien die Departement redelikerwys glo dat 'n waarnemer op enige wyse verhoed word om sy of haar verpligtinge na te kom, of op enige manier gedreig word terwyl hulle aan boord van die regtehouer se vaartuig is, kan die Departement 'n geding ingevolge artikel 28 van die MLRA instel.

## **12. Omvang van teruggetrekte regte**

Indien 'n reg in hierdie vissery teruggetrek word, kan daardie reg: **(a)** toegewys word aan 'n onsuksesvolle aansoeker wat in die jongste toewysingsproses aansoek gedoen het, **(b)** wat aan al die uitsluitingskriteria voldoen, en **(c)** 'n voldoende telling onder die onsuksesvolle aansoekers behaal het soos in die laaste algemene gepubliseerde redes van die Minister of haar of sy Gedelegeerde Owerheid aangeteken is. Aansoekers sal op 'n waglys geplaas word en 'n reg sal aan hulle toegewys word soos en wanneer dit beskikbaar raak sonder dat dit nodig is om vir verdere aansoeke te vra.

## **13. Oordrag van kommersiële visvangregte en/of aandele en/of ledebelang**

Regtehouers in hierdie sektor moet die Beleid vir die Oordrag van Kommersiële Visvangregte of Regte of Gedeeltes daarvan (die Oordragbeleid) in ag neem wanneer hulle visvangregte en/of aandele en/of ledebelang oorgedra word.

## **14. Permitvoorwaardes**

Permitvoorwaardes vir hierdie vissery sal jaarliks uitgereik word. Die permitvoorwaardes sal bepaal word ná oorlegpleging met die suksesvolle aansoekers in hierdie vissery en sal hersien word soos en wanneer die Departement dit nodig ag.

## **15. Monitering en evaluering van die beleid**

15.1 Die Departement sal die beleid monitor en evalueer deur 'n aantal formele prestasiemetingsoefeninge vir die duur van die tydperk van 15 jaar in te stel. Daar word in die vooruitsig gestel dat die eerste stel prestasiemetingsoefeninge ná sewe (7) jaar sal plaasvind.

15.2 Hoewel die Departement die presiese kriteria waarteen regtehouers gemeet sal word ná die toewysing van kommersiële visvangregte – en nadat daar met regtehouers oorleg gepleeg is – sal finaliseer, kan die volgende breë prestasieverwante kriteria gebruik word:

- (a) Transformasie.
- (b) Belegging in vaartuie, fabriek en vistuig.
- (c) Volhoubare benutting.
- (d) Vangsteprestasie ten opsigte van Suidkus-kreef.
- (e) Voldoening van byvangversagting aan toepaslike wette en regulasies.
- (f) Nakoming van toepaslike wette en regulasies.
- (g) Tydige en volledige verslagdoening oor vangste en ander inligting soos van toepassing.

14.3 Die doel van prestasie-meting sal wees om te verseker dat daar aan die doelwitte van hierdie konsepbeleid voldoen word.

## 16. Oortredings

Oortredings van die volgende aard:

- (a) 'n Suksesvolle aansoeker wat sonder 'n redelike verduideliking versuim om sy SKK-visseryreg vir enige enkele visvangseisoen te benut oor die termyn waarvoor die reg toegestaan is;
- (b) 'n Verbreking deur 'n regtehouer of sy werknemers (hetsy permanent, voltyds of deelyds), sy kontrakteurs, agente, adviseurs en die skipper van die vaartuig van die bepalings van die MLRA, die MLRA-regulasies, permitvoorwaardes, die Regte-oordragbeleid en ander verwante wette wat by die permitvoorwaardes ingesluit word;

kan tot die instel van regsgedinge lei (wat die instel van artikel-28-gedinge ingevolge die MLRA en/of strafregtelike gedinge kan insluit).

## GOEDKEURING HANDTEKENING

(As English version Gazetted)

-----  
NAAM: (Me) B CREECY, MP

AMPSBENAMING: MINISTER VAN BOSBOU, VISSERYE EN DIE OMGEWING